



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR CERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**RELIGIESTUDIES V2**

**MODEL 2014**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 7 bladsye.**

**Beantwoord enige DRIE van die vier vrae.****VRAAG 1**

**Vir die doel van die memorandum word slegs Judaïsme bespreek. Die nasiener moet egter enige van die voorgeskrewe godsdienste aanvaar wat deur die kandidaat aangebied word.**

**1.1 Die aard van die godheid**

- Die Joodse begrip van godheid behels etlike van Maimonides se Dertien Artikels.
- God bestaan, en Hy is een.
- Judaïsme is 'n monoteïstiese geloof.
- Dit het nie ruimte vir die Christelike konsep van die Drie-eenheid nie.
- Die mens staan regstreeks in 'n verhouding met God.
- God het geen vorm nie.
- God is voortdurend in die wêreld betrokke.
- God beskik nie oor 'n materiële liggaam nie.
- Hy oordeel die wêreld voortdurend in gryp in die verloop van die geskiedenis in.
- God het 'n persoonlike verhouding met elke mens.
- God is ewig.
- God alleen moet aanbid word.
- Daar sal nooit 'n groter profeet as Moses wees nie.

(10)

**1.2 Die aard van die wêreld en die mensdom**

- Om die wêreld te kan verstaan, moet mense die Tora verstaan.
- Die Tora is 'n boek, 'n idee en 'n kwaliteit van lewe.
- Die Tora is 'n Pentateug.
- Dit is 'n tradisie en besinning oor God, die mens en die wêreld.
- God is universeel en staan in 'n verhouding met al die mense in die wêreld.
- Jode gee uitdrukking aan hul geloof deur wat hulle doen.
- ' 'n Mens kan nie deur geloof alleen lewe nie,' is 'n fundamentele boodskap van die Jode.
- Betekenis en beginsels moet gebruik word om ons alledaagse optrede te bepaal.
- Daar word van Jode verwag om 613 Wette te onderhou, wat as die Mitzvot bekend staan.
- Elke mens moet doen wat reg is, en daardeur sal die hele wêreld volmaak wees.
- 'n Joodse gemeenskap moet so gestruktureer word dat dit sorg vir die waardigheid van die lede en dit verhef.
- Daar moet omgesien word na diegene wat behoeftig is.
- Daar moet vir die armes gesorg word en nie net vir diegene van die Joodse geloof nie, selfs ook vir nie-Jode.
- Die Jood wat finansiële baat vind in die dorp waar hy/sy woon, is verplig om daaraan terug te gee.
- Niemand is veronderstel om 'n parasiet op die samelewing te wees nie.
- Individuele Joodse gemeenskappe moet strukture vorm om armoede op praktiese maniere te verlig.

- Hulle moet bejaardes kos, klere en huisvesting gee, na hul gesondheid omsien en vir hulle sorg.
  - Welsynstrukture moet gevestig word om in die gemeenskap se geestelike behoeftes te voorsien.
  - Joodse dagskole maak voorsiening vir die opvoeding van Joodse kinders.
  - Elke skool of organisasie beskou dit as hul verantwoordelikheid om die burgers van hulle stad en land op te hef.
- (10)

### 1.3 Beloning en straf

- God stel in elke mens se daad belang.
  - Daar word van alle mense verwag om daadwerklik te doen wat die Tora vra.
  - Die Tora praat van beloning en straf.
  - Judaïsme glo aan 'n wêreld wat gaan kom en 'n wêreld van die siel.
  - Jode glo dat mense nooit die goddelike stelsel van beloning en straf ten volle sal verstaan nie.
  - Namate die mense God se wil doen, sal die wêreld geleidelik tot volmaaktheid ontwikkel.
  - Joodse gelowiges verwag die koms van die Messias, bekend as die Mashiach, of Die Gesalfde in Hebreeus.
- (10)

### 1.4 Lewe na die dood

- Die dertien geloofsartikels sê dat daar 'n opstanding van die dooies sal wees in die tyd van die Mashiach.
  - Wanneer iemand te sterwe kom, gaan die siel oor in 'n ander bestaan.
  - Die Tora beskryf egter nie die wêreld van die siel nie; dit laat net iets daarvoor deurskemer.
  - 'n Mens verkry 'n plek in die toekomstige wêreld deur goeie dae in hierdie wêreld te verrig.
  - Die geloof in die toekomstige wêreld is gegrond op die geloof dat die siel terugkeer na 'n plek van geestelike nabyheid aan sy oorsprong.
  - Hemel en hel is deel van 'n geestelike werklikheid wat geen tyd of ruimte het nie.
  - Die Maimonides verklaar dat die regverdiges uit alle nasies 'n plek in die toekomstige wêreld het.
- (10)

### 1.5 Die oorsprong en rol van die bese

- Mense word met 'n vrye wil gebore.
  - Elke mens is 'n goddelike siel met onbeperkte potensiaal vir die goeie.
  - Volgens Judaïsme is God goed en vol liefde.
  - Alles wat van Hom af uitgaan, is goed, naamlik die beproewings en uitdagings waarmee die lewe ons konfronteer.
  - God gee vir elke mens die keuse oor hoe om met die wêreld om hom/haar om te gaan.
  - Die bestudering en beoefening van die Tora word as die teenmiddel vir die bese beskou.
  - Dit help die mensdom om ware goedheid te waardeer en dit na te streef.
  - Deur middel van berou kan mense naby aan God kom.
- (10)

[50]

## VRAAG 2

- Daar was lank geen ware onderafdelings in Hindoeïsme nie.
- Daar was egter 'n variasie in die opvattinge en rituele regoor Indië.
- Verskillende tale is gebruik en verskillende gode is aanbid.
- Daar was nooit 'n ware wegbreekbeweging nie aangesien daar nie sentrale beheer was nie.
- Die hervormers het binne die oorhoofse sisteem gewerk.
- Tradisionele Hindoeïsme het om die aanbidding in die huis gewentel.
- Hindoes het ook in tempels aanbid.
- Die tempels was almal onafhanklik.
- Die verskille tussen die verskillende tipes Hindoeïsme is meer opvallend in Hindoe-gemeenskappe buite Indië.
- Daar is Tamil- (suid-Indië), Hindi- en Gujarati- (noord-Indië) tempels.
- Hierdie verskille is gegrond op linguistiese en streeks- kulturele verskille.
- Drie belangrike hervormingsbewegings het na vore gekom.
- Die Brahmo-, die AryaSamaj- en die Ramakrisna-missie.
- Meer nuwe Hindoe-organisasies het in die twintigste eeu ontstaan.
- Hieronder tel die 'Divine Life Society' en die 'International Society for Krishna Consciousness'.
- Hierdie bewegings staan as neo-Hindoe-bewegings bekend.
- Bostaande groepe in die Hindoeïsme staan apart van die tradisionele Hindoeïsme.
- In lande waar daar baie Hindoes woon, is daar 'n liggaam wat beide tradisionele tempels en die neo-Hindoe-bewegings verteenwoordig.
- In Suid-Afrika is die verteenwoordigende liggaam die Suid-Afrikaanse Hindoe Maha Sabha.
- Tradisionele Hindoeïsme leer dat die behoorlike nakoming van huislike en tempelrituele vir almal verpligtend is.
- Volgens die tradisionele Hindoeïsme is daar ook vele paaie wat na God toe lei.
- Rituele speel 'n belangrike rol in tradisionele Hindoeïsme.
- Dit is rituele soos die aansteek van lampe, die korrekte voorbereiding van voedsel, ens.
- In neo-Hindoeïsme word daar minder klem op rituele geplaas.
- Daar word eerder meer klem gelê op diens aan die mensdom (seva).
- Neo-Hindoeïsme beklemtoon aanbidding deur sowel die individu as die groep.
- Die aanbidding sluit elemente van formele rituele in, maar in 'n mindere mate as in tradisionele Hindoeïsme.

**[50]**

## VRAAG 3

### 3.1 3.1.1 Prostitusie

- Die land word verwoes deur morele verval.
- Die werklikheid is dat daar baie meisies op straat is wat by prostitusie betrokke is.
- Daar is talle oorsake van prostitusie.
- Een daarvan is dat hulle deur omstandighede gedwing word, soos armoede.
- Die toename in die aantal huishoudings met 'n kind aan die hoof het die voorkoms van prostitusie in die land ernstig laat toeneem.

**3.1.2 Tienerswangerskap**

- Baie Suid-Afrikaanse skole ondervind die probleem van tienermeisies wat swanger raak.
- Daar is talle oorsake van tienerswangerskap.
- Die feit dat ouers nie voldoende gehaltetyd saam met hul kinders deurbring nie, is een van die hoofoorsake.
- 'n Gebrek aan kommunikasie tussen ouers en kinders is ook 'n faktor.
- Alkoholmisbruik deur ouers lei ook tot die verwaarlosing van kinders en gevolglik tot promiskuiteit.
- Dwelm- en middelmisbruik is nog 'n belangrike faktor.

**3.1.3 Siektes**

- Baie kinders word weeskinders as gevolg van die dood van albei ouers.
- Siektes soos MIV en Vigs is nog steeds algemeen in die land.
- Opvoeding bly steeds 'n oplossing in die stryd teen die verspreiding van siektes soos TB, MIV en Vigs.

**3.1.4 Armoede**

- Armoede is steeds 'n faktor wat groot kommer in Suid-Afrika wek.
- Behalwe Nothando, is daar baie ander kinders wat ook in armoede leef.
- Armoede veroorsaak ook ander maatskaplike probleme, soos prostitusie en tienerswangerskappe.
- Werkloosheid is 'n ernstige probleem wat dringend deur die staat en ander samelewingstrukture aangepak moet word.

(30)

- 3.2
- Nooi die verskillende godsdienstige en ander leiers in die samelewing na 'n bepaalde plek.
  - Stig 'n komitee.
  - Maak seker dat die komitee verteenwoordigend is van alle belanghebbendes in die gemeenskap.
  - Stig subkomitees om die verskillende maatskaplike probleme te ontleed.
  - Maak seker van die ondersteuning van die betrokke staatsdepartemente.
  - Betrek die jeug by verskillende komitees deur jeugkampe te hou.
  - Bring gemeenskapsprojekte tot stand om te verseker dat elke lid van die gemeenskap 'n positiewe bydrae tot die ontwikkeling van die gemeenskap lewer.
  - Bring programme soos 'een gesin, een tuin' tot stand.
  - Maak seker dat die komitees wat gestig is, die verskillende godsdienstige gemeenskappe besoek om hulle te ondersteun en te bemoedig waar nodig.
  - Werk ten nouste saam met agentskappe van die plaaslike regering.
  - Maak die regering bewus van die maatskaplike probleme in die gemeenskap.
  - Moedig die jeug aan om aan kulturele aktiwiteite deel te neem, soos maagdelikheidstoetse, 'Rietdans' en verkenning.
  - Die motivering vir hierdie aktiwiteite moet gegrond wees op gedeelde godsdienstige leringe, bv. respek vir ouer persone, die heiligheid van die fisieke liggaam, die beskerming van kinders, ens.

(20)

**VRAAG 4****4.1 NEE**

- Alle heilige geskrifte is eers mondelings oorvertel voordat dit neergeskryf is.
- Die verstaan van die leringe kan verander namate dit mondelings oorvertel word.
- Dit kan ook weer verander nadat dit neergeskryf is (bv. in vertaling).
- Heilige geskrifte is 'n bevrore moment in 'n vloeiende ontwikkeling van opvattinge en leringe.
- Menslike emosies kon die wyse beïnvloed het waarop hulle oor gebeure geskryf het en hoe hulle dit geïnterpreteer het.

**JA**

- Die geskrewe teks het vir nagenoeg 'n duisend jaar 'n al hoe belangriker rol gespeel.
- Dit het vaster geword as gevolg van tegniese vooruitgang in die skryfkuns (bv. die drukpers).
- Dit staan sentraal in baie verskillende godsdienste ('geopenbaarde godsdienste': Judaïsme, die Christelike godsdiens en Islam).
- Heilige geskrifte bestaan as deel van groter versamelings – kanon beteken 'algemene reël of beginsel'.
- Die woord 'kanon' dui op 'n gesaghebbende stel geskrifte.
- Geskrewe tekste kan primêr of sekondêr wees.
- Kommentare is sekondêre geskrifte en is verduidelikings en toepassings van primêre bronne.

(10)

- 4.2**
- Dit skep eenheid in die kerk/godsdiens deur middel van die gemeenskaplike verstaan van geloofsopvattinge.
  - Dit lei tot 'n gemeenskaplike verstaan van die heilige geskrif.
  - Ons leer die taal en kultuur van die mense van weleer ken.
  - Ons leer die geskiedenis van en 'n waardering vir die leefstyl van die verlede.
  - Ons leer wysheid en filosofie deur middel van hermeneutiese beginsels.

(10)

- 4.3**
- **Grammatika en historiese konteks** – Grammatikale-historiese beginsels beteken jy moet die grammatikareëls en die historiese feite gebruik om 'n heilige geskrif te interpreteer. Jy moet na die presiese betekenis van die woorde in hul mees gewone sin gaan kyk.
  - **Duidelikste betekenis** – Mense skryf om gedagtes en idees oor te dra. Die skrywer probeer meestal om dit so duidelik as moontlik te doen. Wanneer 'n heilige geskrif of enige ander normatiewe bron geïnterpreteer word, moet jy die betekenis neem wat vir jou die duidelikste is.
  - **Plan, bedoeling en konteks** – Jy moet 'n stuk skryfwerk as 'n geheel beskou. Wat is die onderliggende plan of struktuur? Wat was die outeur se bedoeling met die skryf van die teks?
  - **Betekenis van woorde** – Die betekenis van woorde verander met verloop van tyd en op verskillende plekke. Probeer vasstel wat die betekenis van die woorde was toe hulle oorspronklik in die normatiewe bron gebruik is.
  - **Beeldspraak** – Sekere heilige geskrifte gebruik hoogs figuurlike, nieletterlike taal. Dit moet in ag geneem word wanneer sodanige tekste geïnterpreteer word.

(20)

- 4.4
- In die Afrika Tradisionele Godsdiens kommunikeer mense met hul voorvaders en ontvang boodskappe van hulle.
  - Die individu se persoonlikheid word beëindig en die tussenganger of waarsêer ontvang 'n nuwe persoonlikheid.
  - Waarsêers vervul 'n intermediêre funksie tussen die werklikheid van die mense en die geeste.
  - Daar is profete in die Afrika Tradisionele Godsdiens, wat hul inspirasie van die voorvaders ontvang.
  - Priesters is ook baie belangrike tussengangers tussen die godheid en die mense.

(10)

**[50]****TOTAAL: 150**